

Dekgewasse bied langtermyn- FINANSIËLE VOORDELE



Mariëtta Cronjé,
SA Graan/Grain-
medewerker

“Dekgewasse kan verskeie langtermyn- finansiële voordele vir produsente bied wanneer dit in hul landboupraktike geïntegreer word. Terwyl die aanvanklike koste en belegging van dekgewasse mag wissel afhangende van die spesifieke omstandighede, behoort die langtermyn- finansiële voordele danksy verbeterde grondgesondheid, verminderde insetkoste en verhoogde opbrengste die uitgawes te oorskry en volhoubare voedselproduksie te bevorder,” sê Cobus van Coller, voorsitter van Asset Research se werkgroep vir bewaringslandbou.

“Dekgewasse is egter nie 'n kitsoplossing vir probleme nie. Die implementering en suksesvolle resultate daarvan in 'n produsent se landboupraktike verg tyd, beplanning en aanpassings om die verwagte resultaat te verkry.”

Voordele

- » Stikstofbindende dekgewasse verryk grond met stikstof wat die behoefte aan sintetiese kunsmis verminder. Die organiese materiaal wat dekgewasse in die grond opbou, verbeter die grondstruktuur en waterinfiltrasie en verhoog die grondvrugbaarheid. Dit verminder die behoefte aan sintetiese stikstofkunsmis wat 'n beduidende kostebesparing vir produsente inhou.
- » Dekgewasse se bedekking en wortelstelsel bied uitstekende erosiebeheer en beskerm sodoende waardevolle vrugbare bogrond. Sodoende word die langtermynlewensvatbaarheid van gewasse bevorder en word daar op koste wat met erosie-beheermaatreëls gepaard gaan, bespaar.
- » Sommige dekgewasse laat natuurlike verbindings vry wat skadelike nematodes en grondgedraagde patogene onderdruk. Hierdie biologiese beheer verminder die behoefte en koste aan chemiese plaagdoders en bevorder 'n gesonder, meer gebalanseerde ekosisteem.
- » Dekgewasse speel 'n belangrike rol in die siklus van verlore voedingstowwe (soos byvoorbeeld makro- en mikro-elemente) deur dit in die ondergrond te gaan haal en op te bring na die bogrond waar dit weer beskikbaar gemaak word vir die opvolgende kontantgewas.
- » Die verbouing van dekgewasse bevorder biodiversiteit deur habitat en voedselbronne te voorsien vir voordelige insekte, voëls en mikroorganismes. Dit kan 'n meer gebalanseerde en veerkragtige landbou-ekosisteem help skep.
- » Dekgewasse bevorder die opbou van koolstofopberging in landbougronde deur koolstof in hul biomassa vas te hou en organiese materiaal in die grond te verbeter.
- » Dekgewasse kan die grondstruktuur help behou danksy die groot biomassa van lewendige wortels in die grond wat natuurlike

grondverdichting verminder en bestaande verdichting help opbreek. Dit bevorder ook die oorskakeling na verminderde bewerking.

Faktore om in ag te neem

“As vertrekpunt moet 'n produsent egter eers 'n deeglike finansiële ontleding aan die hand van verskeie faktore doen ten einde die koste en voordele van dekgewasse wat spesifiek vir sy landboubedryf geld, te beoordeel. Dit word ook aanbeveel dat daar met landboukundiges en ervare produsente in die omgewing oorleg gepleeg word. Sodoende kan 'n ingeligte besluit geneem word en 'n effektiewe strategie gevolg word met betrekking tot die integrasie van dekgewasse in 'n bepaalde landbousisteem,” sê Van Coller.

“Daar moet in gedagte gehou word dat die finansiële voordele van dekgewasse mag wissel afhangende van faktore soos die spesifieke dekgewassespesies wat gebruik word, die landboupraktike wat geïmplementeer word, plaaslike klimaatomstandighede en individuele doelwitte,” aldus Van Coller.

Die volgende is van die faktore wat deur 'n produsent in sodanige strategie in ag geneem moet word:

- » Kies dekgewassespesies wat goed aangepas is by die plaaslike klimaat (somer en winter) en groeiseisoen. 'n Begrip van die streek se weerpatrone sal die produsent help om die regte dekgewas vir sy behoeftes te kies.
- » Evalueer die grondtipe, pH en voedingstofvlakke om enige tekorte te bepaal. Verskillende dekgewasse het spesifieke grondvoorkeure en die keuse van spesies wat by die grondtoestande pas, sal hul voordele verhoog.
- » Kies dekgewassespesies wat strook met produksiedoelwitte. Oorweeg ook die gebruik van multidekgewasmengsels om gelyktydig verskeie voordele te benut.
- » Integreer dekgewasse in die gewasrotasieplan. Tydsberekening is van deurslaggewende belang. Somerdekgewasse

kan geplant word as 'n kontantgewas wat geïntegreer kan word met die beweiding van vee en wat weer in Mei doodgespuit kan word vir opvolg met 'n kontantgewas. 'n Winterdekgewas kan na die oes van sonneblom of sojabone in Mei geplant word, wat weer opgevolg kan word met 'n somerdekgewas. Daar is 'n goeie rede vir die opvolging van 'n somerdekgewas met 'n winterdekgewas. As die komende jaar 'n stremende, ondergemiddelde jaar is, voorkom dit dat die komende kontantgewas erge stremming toon as gevolg van 'n voorafgaande winterdekgewas. 'n Ander opsie is 'n tussennygewas by 'n kontantgewas.

- » Belê in dekgewassaad van hoë gehalte en verkry dit vanaf betroubare bronne. Maak ook seker dat die saad vry is van onkruidsaad en siektes. Behoorlike saadseleksie is noodsaaklik vir die suksesvolle vestiging van dekgewasse.
- » Die plantmetode sal afhang van die spesifieke dekgewas, beskikbaarheid van toerusting asook landboupraktjke.
- » Bepaal hoe die teenwoordigheid van die dekgewas beëindig gaan word voordat die kontantgewas geplant word. Afhangende van die doelwitte en hulpbronne kan dit sny, rol of die gebruik van onkruidodders wees.
- » Stel 'n duidelike plan op vir die bestuur van dekgewasse aan die hand van hul groeisiklus. Monitor hulle groei en wees gereed om bestuurspraktjke aan te pas – veral met die oog daarop om vee te integreer.
- » Definieer doelwitte vir die gebruik van dekgewasse wat onder meer verbeterde grondgesondheid, bedekking, erosievermindering, onderdrukking van onkruid of 'n voordelige habitat vir nuttige insekte kan insluit. Doelwitte sal die produsent help om die regte dekgewasse te kies en om hulle effektief te bestuur.
- » Oorweeg die verenigbaarheid van dekgewasse met kontantgewasse. Maak seker dat die keuse van dekgewasse nie 'n negatiewe invloed op die prestasie van die primêre gewas het as gevolg van allelopatiese eienskappe nie.
- » Evalueer die beskikbaarheid van voldoende hulpbronne soos water, arbeid en toerusting vir die plant en bestuur van dekgewasse.

Dekgewassespesies

Die onderskeie dekgewasse het elk 'n unieke doel in moderne boerderypraktjke en kan aan die hand van die verskeie tipes gekategoriseer word.

- » Peulgewasse soos akkerbone, dolichosbone, sonhennop, klawer en ertjies het die vermoë om atmosferiese stikstof deur 'n simbiotiese verhouding met stikstofbindingsbakterieë in hul wortelknoppies te herstel. Hierdie vermoë om stikstof te herstel, verryk die grond en maak dit 'n waardevolle bron van natuurlike bemesting vir daaropvolgende kontantgewasse. Peulgewasse verbeter ook die grondstruktuur en onderdruk onkruid, wat die behoefte aan sintetiese bemesting en onkruidodders verminder.
- » Grasse soos soetsorghum, babala, rog, hawer en gars se wortelstelsels en vinnige groei is 'n uitstekende keuse vir erosiebeheer omrede die digte wortelnetwerke die grond stabiliseer. Dit bied ook genoegsame bogrondse bedekking ten einde afloop te voorkom. Grasse is verder doeltreffend om verlore voedingstowwe in die ondergrond op te neem en te voorkom dat dit in die grondwater lek.
- » Brassica-dekgewasse soos radyse, knolle en mosterd het diep penwortels wat saamgepersde grondlae opbreek en waterinfiltrasie bevorder. Die ontbinde oorblyfsels daarvan help ook om grondgedraagde patogene en nematodes te onderdruk.



Cobus van Coller, voorsitter van Asset Research se werksgroep vir bewaringslandbou, wys daarop dat dekgewasse in 'n boerderystelsel grondgesondheid verbeter, afhanklikheid van sintetiese insette verminder, ekosisteme bevorder en uiteindelik meer veerkragtige en produktiewe landboulandskappe daarstel. Dekgewasse is 'n veelsydige instrument in die gereedskapkis van moderne produsente wat werk aan 'n meer volhoubare en omgewingsvriendelike toekoms. Hier staan hy in sy landery met somerdekgewasse.

- » Graan- en peulgewasmengsels soos rog en klawer bied die voordele van beide kategorieë. Sodanige mengsels verbeter grondvrugbaarheid deur middel van stikstofverbinding terwyl dit ook erosie- en onkruidbeheer bied.
- » Permanente dekgewasse soos lusern, Hans van Rooyen (18 spesies in mengsel), Smutsvinger en klawer se volgehoue groei beheer erosie oor die lang termyn en dra by tot 'n verbeterde inhoud van organiese materiaal. Permanente gewasse bied ook 'n habitat en voedsel vir nuttige insekte wat natuurlike plaagbeheer bevorder.
- » Winterdekgewasse soos winterkoring of -rog word in die herfs geplant sodat dit die grond teen erosie en voedingstoflekasie gedurende die wintermaande kan beskerm. Wanneer die weer in die lente begin verander, onderdruk dit vroeëseisoenonkruid.

Dekgewasse vir winsgewende verkope

“Sommige dekgewasse hou die voordeel in dat dit geoes en vir 'n wins verkoop kan word. Dit sluit onder andere klawer, winterkoring, rog, sonneblomme, mosterdblare en soedangras in. Voordat daar egter op 'n dekgewas vir wins besluit kan word, moet 'n produsent eers deeglike navorsing doen oor die markaanvraag, produksiekoste en enige regulasies rakende die vereistes vir die verkoop van die betrokke dekgewas. Daar moet ook in ag geneem word op welke wyse 'n spesifieke keuse by 'n produsent se dekgewasstrategie sal inpas,” sê Van Coller.

“Deur gebruik te maak van dekgewasse om grond te behou en die vrugbaarheid daarvan te bevorder, word daar nie net gestreef na 'n hoër winsmarge nie. Dit vorm ook deel van 'n produsent se verantwoordelikheid as rentmeester van sy landbougrond wat vir toekomstige geslagte behoue moet bly.” ●